VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 14 - Uitgawe 29
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

16 September 2016

1. BRIEF AAN NG PREDIKANTE:

Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Dr Gustav Claassen (Algemene Sekretaris van die NG Kerk se Algemene Sinode), het gister 'n skrywe aan alle predikante gerig na aanleiding van onlangse berigte in die media waar die kerk voor 'n ultimatum gestel is met betrekking tot die Algemene Sinode se implementering van besluite rakende selfdegeslagverbintenisse. In sy brief, word die onkerklike wyse waarop die verskille hanteer word, ernstig betreur – lees die brief **hier**.

2. NB! DRINGENDE VERSOEK – ARGIEF NG KERK VRYSTAAT:

Gedurende Februarie 2016 is 'n omsendskrywe aan alle gemeentes/ringe gestuur waarin versoek is om alle registers, ringsdokumente, inventarisse, ensovoorts, betyds by die Argiefkantoor in te dien. Die **sperdatum hiervoor was reeds 30 Augustus 2016!** **Hiermee word 'n ernstige beroep op diegene gedoen wat dit nog nie ingehandig het nie, om dit spoedeisend af te handel**. *Die Argiefpersoneel spreek ook hiermee hul groot waardering uit aan rings- en gemeenteskribas wat hulle daarvoor beywer om jaarliks hul dokumente voor die sperdatum in te dien.* Dit is van groot hulp vir die Argief- en Inligtingskantoor om sodoende probleme uit te sorteer en die werk vir 'n gegewe jaar, betyds afgehandel te kry.

3. NG BRANDFORT BIED AAN:

4. KOM VIER DIE KONING VAN INSTRUMENTE!: Die Universiteit van die Vrystaat, in samewerking met ander medewerkers, bied **vanaf 22 tot 29 September 2016**, 'n besondere geleentheid aan:

Vir meer inligting oor die program, asook hoogtepunte van hierdie geleentheid, lees gerus **hier**.

5. *MIGHTY MEN* IN SENTRAAL-VRYSTAAT: ***Sentraal Mighty Men*** vind gedurende die **naweek van 23 tot 25 September 2016 by Riebeeckstad, Welkom** plaas. Alle manne is welkom, die koste is R400 per persoon (wat alle etes en drinkgoed insluit), daar word in 'n saal by die *Bundu Game Lodge*, geslaap. Daar is ander opsies waar vervoer ook ingesluit word. Nooi 'n buurman, seun of vriend saam en kom beleef 'n naweek saam met manne wat die Here gaan loof en prys - kom hoor wat is die boodskap vir die manne. Belangstellendes wat 'n registrasievorm benodig, kan vir Careen kontak by 051 430 3773, of 'n e-pos stuur aan **admin@vlpbloem.co.za**.

6. ANDER NUUS: Ons gee graag terugvoer oor ds Bertie Haasbroek wat drie weke gelede in 'n baie ernstige motorongeluk betrokke was. Onder omstandighede gaan dit goed, maar hy het steeds 'n lang herstelpad wat voorlê. Hy is die afgelope week vanaf die Hoësorg Eenheid, na 'n gewone saal oorgeplaas, die tragea is verwyder en hy haal nou op sy eie asem, maar is steeds baie moeg en swak. ***Daar is ook 'n ernstige versoek vanaf die dokters en hospitaalpersoneel dat hy steeds net besoek van sy familielede mag ontvang. Moet asseblief nie hospitaal toe gaan nie, hulle gaan jou nie by hom toelaat nie!*** ***(****Ons dank die Here dat Hy vir ds Bertie tot hier gebring het en dat Hy op die moeilike herstelpad, steeds saam met hom sal stap – bid vir hom en sy familie!)*

7. NUUSBRIEWE:

BYBELMEDIA 19/2016: Hierdie week fokus BM op die Oktober-uitgawe van *LiG* en twee puik publikasies vir die Gevangenisbediening - klik **hier** vir meer inligting.

CLF – OOR ERFENISDAG: **Erfenisdag, op 24 September**, is die dag waarop ons as Suid-Afrikaners, ons eie kultuur, geskiedenis en kultuurgeskiedenis gedenk, maar ook moet leer uitreik oor verskillende kultuurgrense heen... lees **hier** verder.

8. AKTUEEL: Ons praat gedurende September baie oor Ekologie, bewaring, ensovoorts. Dit is hierdie week amptelik herwinningsweek en vir 'n paar wenke oor wat en hoe om te herwin, gaan lees gerus meer in 'n inligtingdokument wat ek hieroor probeer saamstel het. Het jy ook geweet dat nie alle tipes plastiek herwin kan word nie, leer gerus meer hieroor. Ons stedelinge en moontlik ook sommige dorpenaars, word weekliks gekonfronteer met die, soos ek hulle noem, "Trollie-mense". Daardie ouens wat met ou afgeleefde, maar ook soms nuwe supermarktrollies, of selfgemaakte waentjies, kilometers aflê om in woonbuurte se swart sakke te kom krap vir herwinningsmateriaal, om sodoende iewers 'n geldjie te verdien om kos op die tafel te sit, of 'n karba wyn of bier te koop om sommer van al die swaarkry en ellende te vergeet! Ek het op 'n interessante gids afgekom met inligting oor hoeveel hierdie mense in die groter stede vir sekere herwinningsmateriaal kan verdien en ook waaroor hulle die dankbaarste is om in jou swart sak te vind! Kom ons help om ander te help deur herwinning deel van ons alledaagse lewens te maak – dit kan ook 'n lekker familieprojek word! Klik **hier** vir die dokument.

9. VAKATURES:

LERAAR, VASTETERMYN (2 JAAR KONTRAK): Die **NG Gemeente Noordhoek, Bloemfontein** beskik oor 'n vakante pos vir 'n leraar en **slegs emeriti kan hiervoor aansoek doen**. Vind al die nodige inligting **hier** – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 21 Oktober 2016.**

SKRIBA/KASSIER: Die huidige pos by die **NG Gemeente Virginia**, word vanaf 1 November 2016 vakant. **Belangstellendes kan voor Sondag 23 Oktober 2016 vir die pos aansoek doen**, klik **hier** vir meer besonderhede.

MEDELERAAR: Hierdie pos word vanaf 1 Januarie 2017 by die **NG Studentekerk, Bloemfontein**, beskikbaar. Hulle is 'n missionale, multi- en interkulturele gemeente, met eredienste in Afrikaans en Engels. Vir meer inligting, klik **hier** – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 23 September 2016.**

FINANSIëLE BEAMPTE: Aansoeke van persone nie ouer as 55 jaar, word vir hierdie pos by die **NG Gemeente Hugenoot, Bloemfontein** ingewag. Kry **hier** meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 30 September 2016.**

10. NB! INLIGTING WAT REEDS IN 'N VORIGE UITGAWE VAN *VRYPOS* VERSKYN HET:

Die volgende inligting word weer vir julle gerief herhaal:

Almal wat in die **veebedryf** belangstel, word na 'n besondere **Expo vanaf 27 September tot 1 Oktober 2016** by die Afridome in Parys, uitgenooi. **Die NG Kerk Vrystaat vorm ook deel van hierdie geleentheid** - vir meer inligting, klik **hier**

VBO Werkswinkel – Sertifikaat in Bedieningsvernuwing: 26 & 27 September

Om jou geheue te verfris, lees dit weer **hier**.

11. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan die leraars wat die komende week verjaar, seënwense vir die nuwe lewensjaar:

16 Sept:
Ds André Barlow - FICHARDTPARK - 051 522 4492, 084 547 9999, **abarlow@lantic.net**

18 Sept:
Ds Fanie Spamer - HEUWELSIG - 051 436 1145, 076 123 1542, **dsfanie@ngkerkheuwelsig.co.za**

20 Sept:
Ds George Whitehead - HOSPITAALPARK - 082 303 4098, **george@iwire.co.za**

21 Sept:
Ds George Deysel - WINBURG - 051 881 0215, 082 925 7440, **gdeysel@intekom.co.za**

22 Sept:
Ds Adele Strauss – PELLISSIER - 082 934 8106, **strauss.adele@gmail.com**

12. TEN SLOTTE: *'n Goddelike opdrag!*



Humans as "Stewards of the Earth"

Christians believe that God gave humans responsibility on the Earth, to look after God's creation. They do not own the earth and therefore should not abuse their power, although they obviously have done and continue to do so.

Genesis tells us that God created a "good" Earth, with which he was pleased.

Genesis also tells us that humans were made to "rule over" the earth. How does a responsible ruler act? In a selfish way? Or for the benefit of every one and everything?

A "steward" of the earth looks after it on God's behalf and tries to ensure that it is handed on to future generations in good condition. A Christian should therefore make an effort to combat environmental damage and depletion of resources, so that God's earth is not destroyed.

Groetnis tot volgende keer...

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

BYBELMEDIA NUUSBRIEF 19/2016:

Lees in die Oktober-uitgawe van *LiG:*

LiG se spesiale gespreksgids vir kleingroepe word in Oktober-uitgawe bekend gestel!

Donnalee Roberts vertel daarin hoe stories haar bekoor. Ons vertel ook Luvo Manyonga se storie van verslaafde na Olimpiese silwer en van 'n wonderwerk-man se dubbele longoorplanting.

Oktober is kankermaand en *LiG* gee inligting oor nuwe genetiese toetse vir kanker en wenke vir mooimaak ná chemoterapie.

LiG gesels met ouers en onderwysers laerskool-leerlingrade – is dit 'n noodsaaklikheid of 'n klug? Ons praat met teoloë oor hoe om aan te hou hoop wanneer die lewe se stormwaters dreig. En vra ook of 'n huwelik ná 'n affair 'n tweede kans werd is.

LiG – vir jou en jou mense...

Jongste Bybelkor-publikasies, spesiaal vir Gevangenisbediening: *Dié twee publikasies sal van besondere hulp wees vir godsdienswerkers in die gevangenisse.*

My pledge: committed to change - *A christian-based prisoner's pledge programme*
Every person is worth more than their worst day. Every prisoner is in prison for their weakest moment, a grave mistake made by their lesser self, a lack of mentorship or a misguided path they chose to follow. Despite society's hatred of their transgressions, it is possible for each prisoner to rise above their past and become whole again. With God's intervention, every person is capable of rising up and to not be defined by moments of weakness, but by dedication, strength, courage, commitment and willingness to change. "Thank you to all prisoners who accept this pledge. I hope you will enjoy this programme", from **Val Hamann,** the author.
Prys: **R40.00** (BTW en posgeld ingesluit)

Your life, your choice - *Rights, Responsibilities, Relationships and Respect*
This book encourages Christian inmates to develop social skills that will help them to reintegrate into society when they are released. They focus on four important factors for becoming socially acceptable: rights, responsibilities, relationships and respect. These skills and values are strengthened by studying the Bible and discussing the message with other believers. The lessons are thought-provoking and challenge inmates to change their ways where necessary. Guidance is given, however ultimately the choices and decisions inmates make are entirely up to them.
Prys: **R40.00** (BTW en posgeld ingesluit).

Skakel Bybel-Media (021 864 8234) en praat met Mercial oor die bestellings van die twee publikasies of e-pos haar by mercial@bmedia.co.za

TERUG NA INHOUD

CLF ERFENISDAG - 24 SEPTEMBER:

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Wat is 'n erfenis? Dit is om iets te ontvang wat voorheen aan iemand anders behoort het, wat aan jou oorgedra word.

As kinders van God is ons sy erfgename. Ons kry dit sonder verdienste, sonder dat ons daarop kan aanspraak maak, sonder dat ons daarvoor gewerk het – alleen uit genade.

Wat is die erfporsie wat jy hier op aarde nalaat? 'n Groot boedel, polisse, 'n huis? Of is dit jou voetspore waarin ander kan volg… tot voor God se troon?

Net 'n paar idees oor hoe om Christelike Lektuurfonds se materiaal te gebruik om ***GELOOF, HOOP EN LIEFDE*** uit te dra:

- Ondersteun sendelinge en plaas lektuur in inheemse tale in hul hande om die lig van God se liefde in gemeenskappe in hul moedertaal in te dra.
- Benut self Christelike Lektuurfonds se pamflette om taal- en kultuurgrense oor te steek en ander met sy liefde aan te raak:
  - Bemoedig die motorwag uit die Kongo met 'n geestelike pamflet in sy moedertaal (Frans)
  - Die eienaar van die Chinese winkel hoor dalk vir die eerste keer van God se liefde as jy vir hom 'n geestelike pamflet in sy moedertaal gee.
  - Plaas 'n verskeidenheid pamflette by 'n vulstasie se kleedkamer vir die reisiger sonder lewensrigting en hoop.
  - Wees die middelman om Christelike Lektuurfonds se materiaal te bestel en in iemand anders se hande te plaas om God se Woord in verskillende gemeenskappe uit te dra in hul bediening.
- Seën 'n kind met 'n Bybel. Baie van ons land se kinders het nie moreel sterk rolmodelle in hul lewens in wie se voetspore hul kan volg nie en daarom wil ons u hulp vra om God se Woord in hul lewens te bring deur die ***Een miljoen Bybels vir een miljoen kinders***-projek te ondersteun. Deur 'n Bybel teen R60 in 'n kind se hande te plaas, gee jy hom/haar goeie morele lewenswaardes en ook hoop vir die toekoms.
- Koop vir jou kind of kleinkind die kosbare boekie ***"Die Avonture van Maria en Braam"*** teen R90 om hulle die erfenis van saamleef as kinders van God te gee.

Vir meer inligting of navrae besoek **www.clf.co.za**, of stuur 'n e-pos na **info@clf.co.za**, of skakel 021 873 6964.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - LERAAR, VASTETERMYN (2Jr KONTRAK), NG GEMEENTE NOORDHOEK, BLOEMFONTEIN:

In biddende afhanklikheid van die HERE, maak die Kerkraad van die NG Gemeente Noordhoek die volgende kontrakpos bekend vir 'n tydperk van twee jaar:

1. **GEMEENTEPROFIEL:** Noordhoek is een van vyf gemeentes in die Ring van Bloemfontein-Noord, in die noordelike deel van die stad. Die gemeente het 314 belydende lidmate en 82 dooplidmate. Daar is ongeveer 203 besoekpunte in die gemeente.

2. **LERAARSPROFIEL**: Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep. Besondere klem word gelê op leersuiwerheid in alle fasette van gemeentewerk en persoonlike lewe. Entoesiasme vir die opbou van die gemeente deur persoonlike kontak met lidmate deur pastoraal- en getroue huisbesoek. Die persoon moet leiding kan neem en behulpsaam wees in al die fasette van gemeente-organisering. Daar moet ook gefokus word op die bediening van die jeug in die gemeente.
   Art 9 van die Kerkorde sal dien as uitgangspunt, asook rigtingwyser van die bediening in die gemeente.

- As gevolg van die finansiële posisie van die gemeente is hierdie 'n kontrakpos vir 'n Emeritus-leraar. Die persoon moet oor 'n eie mediese- en pensioenfonds beskik. Die Kerkraad het geen koste ten opsigte van hierdie twee fasette van die persoon se uitgawes nie. Die tydperk van die kontrak van twee jaar kan deur die Kerkraad, as verteenwordigers van die gemeente, verleng word indien die leraar en die gemeente, na die kontrakperiode, ooreenkom dat die verlenging van die kontrak tot voordeel van die bediening in die gemeente en die leraar self is.

3. **VERGOEDINGSPAKKET:** Vergoedingspakket is R20 000.00 pm - geen pastorie is beskikbaar.

4. **AANSOEKE:** Stuur asseblief u aansoek en CV met drie referente aan:

Gemeentebestuurder, Grace Pretorius, vir aandag Pre-Advies Kommissie, per e-pos aan **grace.pretorius@vodamail.co.za**, of per faks na 051 433 1882.

5. **NAVRAE** : Gemeentebestuurder: Grace Pretorius, 082 570 0710 / Konsulent: Ds Jannie du Plessis, 082 578 7825

6. SLUITINGSDATUM: Aansoeke sluit 21 Oktober 2016

Daar kan van die kandidate verwag word om 'n erediens waar te neem en om 'n onderhoud met die pre-advieskommissie te voer. Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak of om 'n beroep uit te bring nie.

"SOLI DEO GLORIA"

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - SKRIBA/KASSIER, NG GEMEENTE VIRGINIA:

POSBESKRYWING: Alle skriba- en finansiële funksies:

- Kerkkantooradministrasie.
- Skribaat vir alle kerkvergaderings.
- Finansiële bestuur.
- Ander pligte soos ooreengekom.
- Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 13:00, asook een middag per week vanaf 14:00 tot 16:00.

VEREISTES VIR POS:

- Kantooradministrasie ondervinding.
- Bewese rekenaarvaardigheid in Excel en Word (Pastel sal aanbeveling wees).
- NG Kerk lidmaat - inskakeling by Virginia gemeente sal onderhandel word.
- Bestuurslisensie en eie vervoer.
- Goeie menseverhoudinge en lojaliteit teenoor die Here en sy Kerk.

AANSOEKE SLUIT: 23 OKTOBER 2016
DIENSAANVAARDING: 1 NOVEMBER 2016
VERGOEDING: +- R5500 pm
AANSOEK & CV: Stuur per e-pos aan **ngvirginia@xsinet.co.za** OF per hand by kerkkantoor in Highlandslaan 65.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - MEDELERAAR, NG STUDENTEKERK, BLOEMFONTEIN:

Die Studentekerk is 'n gemeente wat op die rand van die kampus van die Universiteit van die Vrystaat geleë is. Hulle glo dat God die gemeente hier gestig het met 'n baie spesifieke doel, om die studentegemeenskap van Bloemfontein te bedien. Hulle is 'n MISSIONALE, MULTI- EN INTERKULTURELE gemeente met eredienste in Afrikaans en Engels en is op soek na iemand om die vakature aan die begin van 2017 te vul. Hulle nooi enige leraar wat binne die familie van NG Kerke gelegitimeer is en wat gemaklik voel met die unieke aard van die bediening, om aansoek te doen.

PROFIEL:

- Liefde vir God Drie-Enig, sonder om daaroor skaam te wees.
- Gemak met die visie van die Studentekerk.
- Minstens tweetalig wees.
- 'n Goeie kommunikeerder met 'n sterk Gereformeerde teologie.
- 'n Sterk leier wat jonger mense kan dien.
- Bereid om baie tyd in studente te belê.
- Aanpasbaar wees.
- Vermoë om te kan netwerk.

As jy voel dat God jou roep na hierdie bediening, **stuur asseblief 'n kort CV met die kontakbesonderhede van drie referente** na **info@studentekerk.org** **vóór of op 23 September 2016**. Heg asseblief ook jou visie vir studentebediening as aparte dokument aan (in Engels).

Vir verdere navrae, kontak asseblief vir:
Ds Christo Louw by **louwjc@vodamail.co.za** / 082 371 2905
Ds Danie du Toit by **daniedt01@gmail.com** / 082 589 7499

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – FINANSëLE BEAMPTE, NG HUGENOOT BLOEMFONTEIN:

POSBESKRYWING:

- Alle finansiële aspekte van die gemeente.
- Administratiewe aspekte: Sakelyste, notules en personeelaangeleenthede.

VEREISTES VIR DIE POS:

- Minimum kwalifikasies: Naskoolse diploma in rekeningkunde.
- Rekenaarvaardigheid in Pastel, Excel en Word.
- Goeie menseverhoudings, vriendelikheid en hulpvaardigheid.

Aansoeke van persone nie ouer as 55 jaar word ingewag. U aansoek en CV moet aan Elsa Combrink by **finansies@nghugenoot.co.za** gestuur word, of faks na 051 436 2903.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2016
Navrae: 051 436 2659 (k)

TERUG NA INHOUD